# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (15/19)

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 12 April 2019*

***"If you are going to achieve excellence in big things, you develop the habit in little matters. Excellence is not an exception, it is a prevailing attitude" Colin Powell***

## SITRUS LEGENDE - MILAAN THALWITZER

Hierdie Legende was al oral in die land, gebore in Gauteng, opleiding ondergaan in die Vrystaat en Universiteit van Pretoria, en in die Limpopo geboer.

Hy is 'n gebore, visioenêre leier - soos blyk uit sy rol in 'n verskeidenheid sitrusleierskapsposisies. Dit sluit die voorsitterskap van die Outspan se direksie vir ses jaar in, Ondervoorsitter van Capespan, stigterslid en voorsitter van beide Houers Kooperatief en Granor Passi. Laasgenoemde twee is baie effektief in kartonvervaardiging en sapverwerking - verseker dat produsente deel kan wees van elemente beide bo en onder in die waardeketting.

Hierdie Legende het altyd in 'n sterk en gestruktureerde sitrusbedryf in Suid-Afrika geglo. Hy het 'n rol in die strukturering van die bedryf gedurende die gereguleerde era gespeel, en het ook sy steun, passie en toewyding tot sitrusbedryfstrukture in die dereguleerde era voortgesit.

Watter rol hierdie Legende ook al gespeel het – het hy deel daarvan geword. Of dit in die sitrusbesigheid was of in die gemeenskap waar hy woon. Hy het op verskeie gemeenskapsrade gedien soos die N & N-kanaalraad, Letsitele Papiersny en die raad van Hoërskool Ben Vorster - waar hy as voorsitter gedien het.

In 1965 het hierdie Legende, sy pa en broer, aan die oewer van die Letaba-rivier begin boer. Hy het hierdie boerderybedryf uitgebrei, die produksiegebied vergroot en die kommersiële uitvoer van sy eie vrugte geïntegreer - 'n handelsmerk gebou wat wêreldwyd erken word vir sy hoë gehalte, betroubare diens en etiese handel. Dié Legende het sy onderneming van 100 hektaar in 1965 tot 4 413 hektaar vandag uitgebrei – voer sowat 6,2 miljoen kartonne sitrus uit. Die Legende verbou ook piesangs, avokado, lietsjies, mango, bloubessies, makadamia en suiker.

Intens bewus van die uitdagings wat produsente in Suid-Afrika in die gesig staar, het hierdie Legende grondhervormingsprojekte geïmplementeer en baie inisiatiewe gestig wat daarop gemik is om grondhervorming op 'n gestruktureerde en inklusiewe wyse te ondersteun.

Die Legende se familiebesigheid berus op gesonde korporatiewe beginsels wat gedissiplineerde bestuur en suksesvolle prosesse verseker, met eerlikheid en integriteit. Sy kommunikasie- en bestuursvaardighede het die beste uit diegene wat saam met hom werk, gehaal.

Hierdie Legende is met een van die hoogste toekennings as Nasionale Boer van die Jaar in 2014 bekroon – het ook op die TV-program MegaBoer verskyn. Hierdie Legende het 'n passie vir Afrika, en reis deur Afrika – het van Letsitele tot in Kaïro gereis. Hy is lief vir sy visvang en gholf.

Maar die belangrikste - hierdie Legende is 'n gesinsman - 'n liefdevolle man vir Antoinette, 'n gerespekteerde pa en skoonvader, en 'n wonderlike oupa.

Hierdie Sitrus Legende is Milan Thalwitzer.

## INDONESIË

In reaksie op navrae vanaf die CGA oor die verskepingstoestande na Indonesië, het PPECB en CRI die PPECB se riglyne vir sitrusverskepings na Indonesië hersien. Die doel was om die opsies vir verskepingstoestande met die minste risiko vir koueskade te identifiseer, maar wat steeds aan die Indonesiese invoervereistes voldoen. Veranderinge is aan die PPECB riglyne aangebring wat van toepassing is op sitrusverskepings na Indonesië, en uitvoerders word aangeraai om PPECB vir meer inligting te kontak. Daar word verwag dat hierdie aanpassings waardevol sal wees om die voorkoms van koueskade te verminder en die vrugkwaliteit van sitrusuitvoere na Indonesië te verbeter.

**DIE CGA GROEP SE MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**